**REGS:** Een van Loriza-Brahmane se bulle. Die Meyers boer al 53 jaar lank met Brahmane.

**ONDER:** Stoet- en kommersiële diere wei op natuurlike weiding.

FOTO'S: VERSKAF





Van Loriza se koeie kalf tot op twintig jaar elke jaar. Die tussenkalfperiode is 377 dae.

Loriza-Brahmane het vanaf 2004 tot 2016 en weer in 2018 en 2019 die Breedplan-koeigroep van die jaar opgelewer, wat hoofsaaklik deur kuddevrugbaarheid bepaal word.

Saggeaardheid word sterk by die seleksie van teeldiere in ag geneem. Dit speel 'n belangrike rol in die beeste se vrugbaarheid. Hy sê 'n Loriza-Brahman moet sonder uitsondering hanteerbaar wees. Die vroulike diere se melkproduksiewaarde is plus ses eenhede bokant die gemiddelde teelwaarde van die ras wat melkproduksie betref.

Saggeaardheid, vrugbaarheid en melkproduksie verseker dus groei; dit is Loriza-Brahman se trots en die belangrikste eienskappe waarop die kudde gebou word.

NAVRAE: Mnr. Louis Meyer, **082 925 3829**, **072 906 6191**, e-pos: **loriza@truenw.co.za**